# Hoofstuk 2
# My hartjie, my liefie

## Luister en praat

### Aktiwiteit 2.1: Luister na 'n gedig

Speel vir die leerders die liedjie "Kabouterliefde" van Laurika Rauch, beskikbaar by https://www.youtube.com/watch?v=7VAmgb1uzGA .

Die leerders se menings en terugvoer op onderstaande vrae sal verskil. Hier is moontlikhede wat jy kan gebruik om die leerders aan die gesels te kry indien hulle sukkel.

2.1.1 Dink julle die wysie wat die sanger vir hierdie gedig gekies het, pas by die tema en gevoel van die gedig? Motiveer jou antwoord.

*Ja. Die tempo en ritme van die musiek pas by die ritme en gevoel van die gedig. Dis vrolik en prettig.*

*Ja. Die klankeffekte en/of die instrumente wat gebruik word, beklemtoon die beelde mooi en ondersteun die gevoel en tema.*

*Nee. Die ritme en die tempo is te vinnig en doen afbreek aan die gedig se woorde en die atmosfeer wat die spreker wou skep.*

*Nee. Die musiek is te oud-modies en pas nie by die gevoel wat die spreker wil tuisbring nie.*

2.1.2 Dink julle hierdie gedig beskryf die liefde goed? Gee redes vir jul antwoord.

*Ja. Die beelde in die gedig beklemtoon dat die spreker verlief en vrolik voel.*

*Ja. Mense wat verlief is, leef in hulle eie wêreld en sien dinge nie realisties nie, soos die beelde in hierdie gedig toon.*

*Nee. Hierdie gedig gaan meer oor verlief wees en het niks te make met die liefde nie.*

2.1.3 Skryf minstens vyf nuwe of vreemde woorde uit die gedig neer en probeer verklarings daarvoor vind.

*Groepe kies elk vyf woorde. Bespreek die betekenis in die klas van bv. hoepelronde (perfek rond, soos 'n hoepel), kadoemps (klanknabootsende woord), knipoog (oog vinnig sluit en weer oopmaak), laer getrek (kamp maak in 'n kring en openings tussen waens/tente met doringtakke toepak), warrelwind (wind wat warrel), boepens (ronde, dik maag) ...*

### Aktiwiteit 2.2: Gee jou mening

Gaan soek na ongeveer vyf Afrikaanse liedjies op die internet wat oor die liefde handel. Daar is heelwat Afrikaanse liefdesliedere op *YouTube* beskikbaar. Hier volg 'n paar voorbeelde waarna jy op *YouTube* of *iTunes* kan gaan soek:

Ons belofte aan mekaar – Juanita du Plessis
Neem my op vlerke – Annelie van Rooyen/Bobby van Jaarsveld
Beter as liefde – Karlien van Jaarsveld
En toe vind ek jou – Karen Zoid en Francois van Coke
Hoe ek voel – Johannes Kerkorrel
Kan weer in liefde glo – Heinz Winckler
Hemel op Tafelberg – Kurt Darren
Voshaarnooi – Jakkie Louw met Kevin Leo
Droomvrou – Lucas Maree

Dalk het jy jou eie versameling Afrikaanse musiek en kan jy ŉ CD-speler klas toe bring en van jou gunstelinge aan die leerders speel.
2.2.1 Voorsien die leerders elkeen met ŉ kopie van die volgende vraelys om die liedjies te evalueer terwyl hulle luister. Die leerders kan enige drie liedjies kies om te evalueer.

| **Liedjie se naam:** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1. Baie goed | 2. Goed | 3. Gemiddeld | 4. Swak |
| Ritme | | | | |
| Tempo | | | | |
| Stemkwaliteit | | | | |
| Goeie uitbeelding van die liefde. | | | | |

2.2.2 Maak seker die leerders verstaan wat met "collage" bedoel word. Terwyl die leerders na die liedjies luister moet hulle ook luister na nuwe woorde en dit later in ŉ collage gebruik om hul eie mening oor die liefde visueel uit te beeld.

## Lees en kyk

### Aktiwiteit 2.3: Lees ŉ kortverhaal en beantwoord die vrae

2.3.1 Wie vertel die storie; wat noem ons hierdie tipe verteller? (2)[DV2]
*Die hoofkarakter Michelle is aan die woord. Dis ŉ ek-verteller.*

2.3.2 Lys enige vyf kenmerke van Michelle wat jy uit die verhaal kan aflei. (5)[DV1]
*Michelle het tans ŉ slegte vel en haar hare is nie na wense nie.*
*Sy het ŉ ouer broer.*
*Sy voel onseker of Jean werklik van haar hou.*
*Sy is verlief op Jean.*
*Sy neem Lewenswetenskappe as vak.*
*Sy is ongelukkig en hartseer oor die verhouding tussen haar ma en pa wat besig is om te verbrokkel.*

2.3.3 Noem die verskillende ruimtes waarin hierdie verhaal afspeel. (2)[DV1]
*Die verhaal speel gedeeltelik af by die skool asook by Michelle se ouerhuis.*
2.3.4 Aan die begin van hierdie verhaal is dit duidelik dat daar innerlike konflik by die hoofkarakter, Michelle, voorkom. Beskryf hierdie konflik. (1)[DV3]
*Michelle voel ongelukkig oor haar fisieke voorkoms en sy is onseker of Jean regtig van haar hou.*
2.3.5 Uiterlike konflik kom voor tussen watter karakters in hierdie verhaal? Verduidelik hierdie konflik wat tussen hierdie karakters bestaan na ŉ voorbeelde in die verhaal te verwys. (2)[DV3]
*Michelle se ouers se verhouding demonstreer die uiterlike konflik in die verhaal. Hulle grom vir mekaar aan die ontbyttafel. Haar ma gee nie regtig om of haar dis wat sy vir Valentynsdag maak romanties is of nie. Haar pa se gesprek oor die foon met die ander vrou. Enige een van die bogenoemde is korrek.*
2.3.6 Wat is die tema van hierdie verhaal? (1)[DV3]
*Hierdie verhaal wys vir ons op die mooi en die hartseer van liefde en verhoudings. Aan die een*

*kant is daar die verliefdheid wat begin blom tussen Michelle en Jean. Maar dit beeld ook die verbrokkeling van haar ouers se huwelik duidelik uit.*
2.3.7 Op watter dag speel hierdie verhaal af en hoekom dink jy die tyd en dag wat die skrywer gekies het is ironies. (1)[DV4]
*14 Februarie – Valentynsdag word geassosieer met liefde te wees, maar Michelle beleef die einde van die liefde tussen haar ouers.*
2.3.8 Voel jy empatie vir die hoofkarakter in hierdie verhaal? Motiveer. (1)[DV5]
*Ja. Dis slegs en hartseer as mens se ouers skei. / Dit is aaklig om onseker te wees of iemand van jou hou of nie.*
*Nee.*

**Gedigte**

Verduidelik aan die leerders die volgende literêre kenmerke en begrippe wat spesifiek in gedigte aangetref word:
**Spreker** – die persoon aan die woord in die gedig
**Vergelyking**: ŉ Vorm van beeldspraak waarin twee sake wat ooreenkomste met mekaar toon, met mekaar vergelyk word, maar deur die voegwoord "soos", "nes of, "net soos" geskei word
**Metafoor**: ŉ Vorm van beeldspraak wat ontstaan wanneer twee sake direk aan mekaar gelyk gestel. Die metafoor is soos ŉ vergelyking sonder die voegwoorde.
**Ellips (...)**: Die weglating van woorde waarvan die funksie is om ŉ pouse of tydsduur aan te dui die leser geleentheid te gee om sy/haar gedagtes te voltooi.
**Personifikasie:** ŉ Vorm van beeldspraak waarin nie-lewende voorwerpe menslike eienskappe kry.

Die gedig, *Crick se song*, is deur 'n opkomende kunstenaar Marika van Heerden geskryf en getoonset na die motorfietsongeluk van haar beste vriend. Lees die gedig hard-op aan die klas voor en maak seker dat hulle alle onbekende woorde verstaan. Daarna volg die leerders die leestegnieke soos uitgesit op bladsy 24 van die leerdersboek en beantwoord die vrae.

**Aktiwiteit 2.4: Beantwoord vrae oor 'n gedig**

2.4.1 Waar is die persoon wat die spreker mis? Haal ŉ reël aan om jou antwoord te staaf. (1)[DV1]
*By die see. "Ek staan op my balkon en sien die wit strand" of "branders rol in en branders rol uit"*
2.4.2 Waarna kyk die spreker terwyl hy/sy op die balkon staan? (1) [DV1]
*Sy kyk na die branders en die strand.*
2.4.3 Wat kan die spreker **nie** meer met iemand doen **nie**? (1) [DV2]
*Sy kan iemand nie meer vashou nie en het nie iemand om mee saam te lag nie.*
2.4.4 Kies wat NIE pas NIE:
*D. die spreker is tevrede met die lewe*. (1)[DV 2]
2.4.5 Watter woord(e) sal jy gebruik om die atmosfeer/gevoel van die gedig te beskryf? (1) [DV3]
*Somber, hartseer.*
2.4.6 Benoem die beeldspraak in reël 13. (1) [DV 3]
*Personifikasie*
2.4.7 Wat word met reël 17 bedoel? (1) [DV 3]
*Haar herinnering aan hoe hierdie persoon lyk, is besig om te verdof soos ŉ foto in ŉ album.*
2.4.8 Wat is die funksie van die ellips in reël 6? (1) [DV 3]
*Dit suggereer die verlange na die vriend, dit gee vir die leser geleentheid om sy eie gedagtes te voltooi.*

2.4.9 Waar, volgens jou mening, is "daar"? (reël 26) (1) [DV 4]
*Die hiernamaals (hemel).*
2.4.10 Voel jy soms soos die spreker in die gedig? Verduidelik waarom. (1) [DV 5]
*Die leerders se antwoorde gaan verskil na gelang van hulle eie verwysingsraamwerk.*

## Skryf en aanbied

### Aktiwiteit 2.5: Skryf 'n dialoog of dagboekinskrywing

Die leerders kies een van die onderwerpe in die leerdersboek vir 'n dialoog of 'n dagboekinskrywing. Alhoewel dit nie 'n formele assesseringstaak is nie, kan jy steeds verwys na die rubriek vir kort transaksionele tekste om die leerders se skryfstukke na te sien. Dalk wil jy die rubriek fotostateer en die leerders toelaat om hul eie werk of mekaar se werk te assesseer.

## Taalstrukture en -konvensies

### Meervoud en verkleining

### Aktiwiteit 2.6: Meervoude en verkleining

Voltooi die volgende tabel:

| | **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Verkleinwoord** |
|---|---|---|---|
| 2.6.1 | balju | *balju's* | *balju'tjie* |
| 2.6.2 | foto | *foto's* | *foto'tjie* |
| 2.6.3 | alibi | *alibi's* | *alibi'tjie* |
| 2.6.4 | ma | *ma's* | *ma'tjie* |
| 2.6.5 | ouma | *oumas* | *oumatjie* |
| 2.6.6 | hemp | *hemde* | *hempie* |
| 2.6.7 | kind | *kinders* | *kindjie* |
| 2.6.8 | varing | *varings* | *varinkie* |
| 2.6.9 | pad | *paaie* | *paadjie* |
| 2.6.10 | bal | *balle* | *balletjie* |

Skryf elke sin oor en vervang die onderstreepte woorde in die sinne met die manlike of vroulike vorm.
2.6.11 Die *bruid* was laat vir die troue.
2.6.12 Waarom verkies die koper 'n *hings*?
2.6.13 Ken jy die nuwe *aktrise* in *Sewende Laan*?
2.6.14 Roep asseblief die *dokter* om te kom help.
2.6.15 Die *weduwee* kuier by die tannie oorkant die straat.

[25]

### Aktiwiteit 2.7: Oefen spelreëls en spelpatrone

2.7.1 *brood – eenlettergrepige woorde word nie afgebreek nie*
2.7.2 *drin-gend – breek tussen die n en g af in woorde waar die n en g langs mekaar staan*
2.7.3 *steekproef – breek woorde met meer as een lettergreep af volgens die lettergrepe van die woord, maar in dele wat betekenis dra*
2.7.4 *R1 570 340 – getalle en geldbedrae word nie afgebreek nie*
2.7.5 *foto-omslag – Breek woorde met 'n koppelteken by die koppelteken af*

2.7.6 *pro-gram – by woorde waar een konsonant na die vokaal staan, word dit voor die konsonant afgebreek*
2.7.7 *kinder-klere – breek woorde in betekenisvolle dele af*
2.7.8 *i.p.v. – getalle en afkortings of metrieke simbole word nie afgebreek nie*
2.7.9 *hand-jie – breek verkleinwoorde waarvan die stam op 'n d of t eindig, af tussen die d of t en die agtervoegsel jie*
2.7.10 *aar-tappel – s sommige woorde word afgebreek soos jy dit uitspreek* [10]

**Byvoeglike naamwoorde**

**Aktiwiteit 2.8: Byvoeglike naamwoorde**

2.8.1 Vir hom is ek net sy beste pel se jongste sussie. (2)
*beste – attributief*; jongste – *attributief*
2.8.2 Die melk wat ek oor my Oatees gegooi het, was suur. (1)
*suur – predikatief.*
2.8.3 Sy staar ingedagte voor haar uit met 'n simpel glimlaggie. (1)
*simpel – attributief*
2.8.4 Die tjoklit-hartjie is piepklein en in goue papier toegedraai. (2)
*piepklein i– predikatief; "goue"– attributief*
2.8.5 *Enige relevante byvoeglike naamwoorde wat die prent beskryf, bv. kleurvol, vrolik, kunstig, prikkelend, elegant, mooi, eersteklas, fyntjies, goed, indrukwekkend …*

**Vir verryking:** Bring verskillende voorwerpe skool toe van verskillende teksture en materiaal. Laat die leerders in pare of in groepe hierdie artikels of voorwerpe beskryf deur hul oë toe te hou en dit slegs op gevoel te beskryf.

**Bywoorde**

**Aktiwiteit 2.9: Bywoorde**
Benoem die vetgedrukte bywoorde in die sinne volledig.

2.9.1 *hier – bywoord van plek*. (1)
2.9.2 *onophoudelik – bywoord van wyse*. (1)
2.9.3 *vandag – bywoord van tyd*. (1)
2.9.4 *alleen – bywoord van wyse.* (1)
2.9.5 *soggens – bywoord van tyd*

**Aktiwiteit 2.10: Geïntegreerde taaloefening**

2.10.1 *liefies*
2.10.2 *sonne*
2.10.3 *sonnetjie*
2.10.4 *bergies (moet meervoud wees)*
2.10.5 *kêreltjie/outjie/jongetjie*
2.10.6 *blou*
2.10.7 *Wat 'n mooie meisie!*
2.10.8
A. *anderkant – bywoord van plek*

B. *vinnig – bywoord van wyse*
C. *môre – bywoord van tyd*
2.10.9
A hart-jie
B nooi-en-tjie
C berg
D an-der-kant
2.10.10 *woorde* [15]